BEPERKTE TERMYN DIENSOOREENKOMS

aangegaan tussen

AGS van SA _____Gemeenteraad

(hierin na verwys as *"Werkgewer"*)

en

_____

(hierin na verwys as *"Werknemer"*)

Hierdie Beperkte Termyn Diensooreenkoms (hierin na verwys as *"Ooreenkoms"*) word beheer deur die diensvoorwaardes soos uiteengesit in hierdie dokument asook die relevante bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997.

DIENSVOORWAARDES

1 **Aard van die Ooreenkoms**

Hierdie Ooreenkoms neem in aanvang op _____ en sal eindig op _____. Geen redelike verwagting van hernuwing en/of voortsetting na die eind datum van die Ooreenkoms kan by die Werknemer ontstaan nie aangesien sodanige hernuwing en/of voortsetting die skriftelike toestemming van beide partye vereis. Geen skeidingspakket sal betaalbaar wees aan die Werknemer by beëindiging van die Ooreenkoms nie. Die Ooreenkoms kan wel voortydig beëindig word op aanvaarde gronde of soos in hierdie Ooreenkoms bepaal.

2 **Vergoeding**

2.1 Die Werknemer se maandelikse salaris is uiteengesit in Aanhangsel A aangeheg by hierdie Ooreenkoms.

2.2 Enige aftrekkings vereis deur wetgewing en/of ooreengekom tussen die partye sal afgetrek word alvorens betaling geskied.

2.3 Gegewe die aard van die Ooreenkoms sal die Werknemer nie lidmaatskap opneem by die voorsorg-, mediese en/of verwante fondse waarby die Werkgewer se permanente werknemers lidmaatskap geniet nie.

3 **Diensverpligtinge**

3.1 Die Werknemer se postitel is _____ en sy sal direk rapporteer aan _____.

3.2 Terwyl die Werknemer in diens is onderneem sy om -

- Die ooreengekome dienste soos vervat in Aanhangsel B na die beste van haar vermoë te lewer;
- Haar tyd tydens werksure uitsluitlik te wy aan die ooreengekome dienste; en
- Nougeset die beleide en prosedures van die Werkgewer te alle tye na te kom.

4 **Werksure**

Normale werksure ure is van _____ tot _____ elke _____dag en _____dag van elke kalenderweek. Die Werknemer is geregtig op ‘n ete breek van een uur vanaf 13:00 tot 14:00.

5 **Verlofvoordele**

Die Werknemer is geregtig op 3 werksdae vakansieverlof met volle betaling gedurende die beperkte termyn van die Ooreenkoms soos na verwys in klousule 1 hierbo. Verlof moet verkieslik voor aansoek gedoen word tydens tydperke wat die aktiwiteite van die Gemeente afskaal as gevolg van die tydelike sluiting van sodanige aktiwiteite.

6 **Diensbeëindiging**

Indien enigeen van die partye van voorneme is om die Ooreenkoms te beëindig alvorens die einde van die beperkte termyn van die Ooreenkoms soos na verwys in klousule 1 hierbo, moet sodanige party ten minste een week vooraf skriftelike kennis aan die ander party gee.

7 **Vertroulike inligting**

Die Werknemer erken dat sy in die uitvoering van haar verpligtinge onder hierdie Ooreenkoms toegang sal hê tot vertroulike inligting rakende die sake van en lidmate van die Werkgewer. Sy onderneem om alle vertroulike inligting te alle tye streng vertroulik te hanteer en nie te openbaar nie, behalwe in soverre dit nodig is om haar verpligtinge onder hierdie Ooreenkoms na te kom. Hierdie plig tot vertroulikheid bly voortbestaan na diensbeëindiging.

8 **Algemeen**

Hierdie Ooreenkoms beliggaam die volle ooreenkoms tussen die partye en enige wysiging, hernuwing en/of verlenging van welke aard ook al vereis beide partye se skriftelike aanvaarding.

Geteken op _____ 2012 te _____

NAMENS DIE WERKGEWER -

Handtekening : _____

Amp : _____

WERKNEMER -

Ek aanvaar al die terme en voorwaardes soos uiteengesit in hierdie Beperkte Termyn Diensooreenkoms.

Handtekening: _____

GETUIE:

Naam en Van:_____

Handtekening:_____

BEPERKTE TERMYN DIENSOOREENKOMS

AANHANGSEL A

AANHANGSEL B